**ASSESSERINGSRUBRIEK VIR HARDOPLEES: TWEEDE ADDISIONELE TAAL (Graad 10 – 12)**

| LU 1 EN 2 | Kode 7 (Uitmuntend) | Kode 6 (Verdienstelik) | Kode 5 (Beduidend) | Kode 4 (Voldoende) | Kode 3 (Matig) | Kode 2 (Basies) | Kode 1 (Ontoereikend) |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Toon 'n begrip van die teks en dra betekenis oor aan die gehoor. | Leser toon 'n uitstaande interpretasie wat blyk uit 'n deeglike begrip van teks.<br><br>Gehoor se reaksie toon belangstelling en betrokkenheid by teks. | Leser toon baie goeie interpretasie wat daarop dui dat die leser die teks verstaan.<br><br>Gehoor se reaksie is positief. | Leser toon goeie interpretasie wat daarop dui dat die leser die teks verstaan.<br><br>Gehoor se reaksie meestal positief. | Redelike interpretasie en begrip van teks.<br><br>Meeste van gehoor toon belangstelling in teks. | Verstaan teks gedeeltelik en interpretasie is nie duidelik nie.<br><br>Sommige lede van gehoor toon belangstelling in teks. | Leser verstaan nie altyd wat gelees word nie.<br><br>Gehoor nie geïnteresseerd nie. | Dit is duidelik dat leser omtrent of glad nie die teks verstaan nie. |
| Gebruik stem- en leesvaardighede | Vlot, ekspressiewe lees.<br><br>Gebruik pouses goed.<br><br>Tempo word gevarieer volgens die vereistes van die teks.<br><br>Uitstekende stemprojeksie en hoorbaarheid. | Lees vlot.<br><br>Gebruik pouses.<br><br>Soms variasie in tempo op die regte plek.<br><br>Baie goeie stemprojeksie en hoorbaarheid. | Lees vlot met geringe afwykings.<br><br>Gebruik pouses.<br><br>Soms variasie in tempo.<br><br>Goeie stemprojeksie en hoorbaarheid. | Lees redelik vlot met geringe huiwering.<br><br>Gebruik pouses redelik gepas.<br><br>Geen variasie in tempo nie, tempo nie hinderlik vinnig of stadig nie.<br><br>Redelike stemprojeksie en hoorbaarheid | Lees nie vlot nie.<br><br>Voldoende gebruik van pouses.<br><br>Tempo soms te vinnig of te stadig.<br><br>Kan meestal gehoor word. | Lees so stotterend dat betekenis verlore raak.<br><br>Min bewyse van gebruik van pouses.<br><br>Tempo meestal te vinnig of te stadig<br><br>Swak projeksie van stem, nie altyd hoorbaar nie. | Stotterende lees, betekenis soms verlore.<br><br>Geen gebruik van pouses nie.<br><br>Lees baie vinnig of baie stadig.<br><br>Onhoorbaar. |
| Gebruik van gebare, lyftaal en gesigsuitdrukking. | Uitstekende en gepaste oogkontak.<br><br>Gebare, gesigsuitdrukking en lyftaal word effektief gebruik om betekenis te versterk. | Baie goeie oogkontak.<br><br>Gebare, gesigsuitdrukking en lyftaal word gepas gebruik om betekenis te versterk. | Goeie oogkontak.<br><br>Gebare, gesigsuitdrukking en lyftaal word gebruik om betekenis te versterk. | Goeie oogkontak.<br><br>Gepaste gebare, gesigsuitdrukking en lyftaal word gereeld gebruik om betekenis te versterk. | Bewuste poging om oogkontak te maak.<br><br>Soms bewyse van gepaste gebare, gesigsuitdrukking en lyftaal om betekenis te versterk. | Oogkontak is onsuksesvol.<br><br>Baie min gebare, gesigsuitdrukking en lyftaal word gebruik. Tekens van senuweeagtige gebare. | Geen oogkontak nie.<br><br>Steurende en ontoepaslike gebare en lyftaal. |
| Reaksie op vrae deur gehoor en kritiese interpretasie van die teks. | Hanteer vrae met vertroue. Beantwoord vrae met gemak en insig.<br><br>Antwoorde toon kritiese interpretasie van die teks. | Hanteer vrae met vertroue en verstaan dit.<br><br>Daartoe in staat om krities te reageer op minder komplekse kwessies in die teks. | Verstaan vrae en toon begrip vir beantwoording van vrae.<br><br>Daartoe in staat om meestal krities te reageer op minder komplekse kwessies in die teks. | Verstaan en beantwoord meeste vrae korrek.<br><br>Toon wel die vermoë om krities op sommige minder komplekse kwessies te reageer. | Verstaan en beantwoord sommige van die vrae gepas.<br><br>Soms daartoe in staat om krities op minder komplekse kwessies te reageer. | Ondervind probleme om vrae te verstaan en te interpreteer.<br><br>Toon selde enige kritiese reaksie op teks. | Verstaan nie vrae en kan dit nie beantwoord nie. |
| Keuse van teks en voorbereiding. (keuse slegs van toepassing wanneer leerder eie teks vir voorbereide lees kies) | Gepaste teks wat 'n sterk aanslag op gehoor maak.<br><br>Leser is baie goed voorbereid. Lees met selfvertroue en entoesiasme. | Gepaste teks vir gehoor.<br><br>Leser is goed voorbereid en lees met selfvertroue. | Gekose teks meestal gepas vir gehoor.<br><br>Leser is voorbereid en lees met selfvertroue. | Taal van teks redelik gepas vir gehoor.<br><br>Leser is bekend met teks en het poging aangewend om voor te berei. | Teks nie eintlik vir sommige lede van gehoor interessant nie.<br><br>Leser is bekend met teks, gebrekkige voorbereiding is duidelik. | Nie geskikte teks vir hardoplees nie, gehoor nie geïnteresseerd nie<br><br>Leser mag teks gelees het, maar het nie teks vir aanbieding voorberei nie. | Onvanpaste teks en taalvlak.<br><br>Geen bewys van enige voorbereiding nie. |